DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SUID-AFRIKA

N U U S B R I E F

UITGAWE 1 2020

Die TBK is deur IFM vereer as die beste Boeremusiek

Platemaatskappy/Uitgewer vir 2019

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731

Datums van byeenkomste, jaarvergaderings (in donker gedruk), asook kontakpersone en hul telefoonnommers vir 2020

Wesrand	Pretoria	Oosrand	Vaal-Driehoek	Goudveld
25 Jan	**29 Feb**	22 Feb	**1 Feb**	
Gekanseleer agv Corona Virus	30 Mei	2 Mei	Gekanseleer agv Corona Virus	
5 Sep	1 Aug	**26 Sep**	29 Aug	
7 Nov	**3 Okt**	5 Des	31 Okt	
	28 Nov			
Flip Snyman	Nico Blom	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger
011 955 3615			016 932 1897	057 398 1022
082 624 5308	072 210 6138	082 542 1908	076 389 7079	084 598 1022

Lede word daaraan herinner om hul agterstallige ledegeld op datum te hou. Die lidmaatskapfooi beloop R80.00 per jaar en kan deur middel van die internet, direkte deposito of tydens 'n byeenkoms betaal word. Bewyse van betalings wat deur die internet of direkte deposito geskied, moet aan **lidmaatskap@boeremusiek.org**, of **Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731** gestuur word. **Gebruik asseblief u lidnommer, voorletter en van as verwysing**.

Neem asseblief kennis van die debietorderpryse:

R25,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 1 laserskyf per jaar.
R34,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 2 laserskywe per jaar.
R42,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 3 laserskywe per jaar.
R50,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 4 laserskywe per jaar.

Indien daar enige lede is wat navrae aangaande debietorders het, kontak gerus Martin Dorfling by 082 542 1908 of lidmaatskap@boeremusiek.org.
Lede moet asseblief bydraes lewer vir die nuusbrief. Stuur wenke en inligting aan: pdejager@mweb.co.za in "**Word**"-formaat asseblief.
Dankie aan almal wat bydraes vir hierdie nuusbrief gelewer het.

TBK Webblad: http://www.boeremusiek.org
TBK e-posadres: info@boeremusiek.org
Bankbesonderhede: TBK, ABSA Ben Swartstraat, Rekeningnommer 090281062
Laserskywe en TBK-verwante items: Aletta Dorfling verkope@boeremusiek.org
082 482 5332, Kiepersolstraat 30, Wilropark, Roodepoort, 1731 *of*
Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731.

Tradisionele Boeremusiek Klub

Sluit aan by die TBK se amptelike whatsapp-groep – volg die skakel op Facebook

IN MEMORIA

Johan van Vuuren
8 Maart 2020

Frans Roodt
5 Februarie 2020

DIE TBK WORD DEUR IFM VEREER AS DIE BESTE BOEREMUSIEK PLATEMAATSKAPPY/UITGEWER VIR 2019!!!

TBK ontvang toekenning

Tydens ‘n funksie wat gereël is deur die radiostasie IFM in die Vaaldriehoek, het die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika die Kiewiet toekenning ontvang vir die beste Boeremusiek Platemaatskappy/Uitgewer vir 2019.
Die plegtigheid was aan die Vaaldriehoek en die voorsitter van die Vaaldriehoek, Willie Badenhorst, het die toekenning namens die TBK in ontvangs geneem.

Daar is ook toekennings gemaak aan van die TBK musikante vir hul bydraes tot tradisionele boeremusiek.
Baie geluk aan die TBK, musikante en elkeen wat bygedra het tot hierdie prestasie.

Willie Badenhorst, Voorsitter van die Vaaldriehoek-tak, neem die Kiewiet toekenning in ontvangs.

Die TBK musikante wat vereer is. V.l.n.r.: Hannes van Loggerenberg, Hannelie du Preez, oom Jan Mans, Sarel Oertel en Phillip du Preez.

Baie geluk aan die Vaaldriehoek musikante met die vrystelling van hul nuutse laserskyf: “Kampvuur Klanke Uit Die Vaaldriehoek”.

SKRYWES ONTVANG VANAF TAKKE

VAALDRIEHOEK-TAK

Liewe Boeremusiekvriende. Dankie vir die geleentheid om te skryf oor die Vaal-klub. Die komitee is baie positief en pak die jaar 2020 met nuwe moed en ywer aan. Ek wil die komitee en ons helpers bedank vir al hul pligsgetrouheid en ook vir al die harde werk wat hul insit om elke funksie net die beste aan ons gaste voor te sit. Ek weet ek is partymaal baie hard op julle, maar ek het nog nie een maal skaam gevoel oor wat ons aanbied nie.

Aan ons hoofbestuur wil ons ook dankie sê vir al die hulp en bystand wat hul gee. Ons is maar stadig met al die nuwe dinge maar hoop om ook by te kom. Van ons kant af doen ons ook net ons beste. Baie dankie vir die geleentheid om weer ‘n Vaaldriehoek-CD te kon opneem. Dankie vir elke musikant wat daaraan kon deelneem. Die Vaaldriehoek-klub is regtig trots op al ons musikante.

Aan al ons gaste wat ons gereeld besoek, wil ek ook net dankie sê. Dankie vir die goeie gedrag en vir samewerking om die saal wat ons huur, mooi op te pas. As almal saamwerk, kan dit net goedgaan met ons klub. Sonder ons publiek wat ons besoek, kan mens nie ‘n funksie aanbied nie. Vertel asseblief jul vriende sodat ons die saal kan volmaak met publiek en belangstellendes.

Liewe vriende. Die Vaaldriehoek-komitee probeer hul bes om ons musiek so na as moontlik en so eg as moontlik te hou. Daar is sekere reëls wat ons moet nakom, dit is wel my plig om dit te handhaaf. Glo my maar, dis nie ‘n maklike taak nie. Ek is trots om te sê, ek het nog nie ernstig met musikante probleme gekry nie.

Baie sterkte aan Sonia Swanepoel wat n stryd teen kanker voer, tannie Driekie Fouché wat ook baie siek is en oom Frik Smit wat ook sukkel met sy gesondheid. Ek wil almal wat ek nie genoem het nie, ook opdra in God se sorg.

Kom ons maak 2020 die beste jaar vir onse mense en vir die gaste wat ons besoek.
Laat ons heeltyd ons oog op Jesus hou – Hy is die Een waarop ons bou en vertrou.

Groete uit die Vaal
Willie Badenhorst

N.s. Baie geluk aan ons Outydse Klanke orkes met die Kiewiet toekennings van Radio IFM in die jaar 2019.

WESRAND-TAK

Aan die Wesrand gaan dit baie goed met die Klub en musikante en ons verhoudings is gesond. Daar was met ons eerste byeenkoms na die winter, die 7de September, ‘n lekker lentedans gehou waar Stephaan van Zyl, die Magalies-orkes, Ferdie van Zyl en ander musikante pragtige musiek opgelewer het. Die Jooste-gesin het weer begin om hul orkes bymekaar te kry en tydens ons byeenkoms op 2 November, het hulle hul hertoetrede by die TBK as die Dagbreek Orkes gemaak en pragtige musiek opgelewer. Ander musikante wat saam musiek gemaak het die aand, was Barry Pieterse, Mario du Plessis, Martin en Hugo en Piet Snyman. Die eerste byeenkoms van 2020 was op die 25ste Januarie en dit was net so ‘n groot sukses met Frik Smit, Robbie Holm, Ferdie van Zyl en Roelf Faber en hulle orkeste wat die aand sommer die tone laat krul het van lekkerte met hulle pragtige musiek.

Ons bedank almal wat ons TBK so ondersteun met watter bydrae ookal. Ons volgende byeenkoms sal aangekondig word sodra die opheffing van byeenkomste opgeskort word agv die noodtoestand aangekondig deur die President.

Wesrand Groete
Flip Snyman

SKRYWE ONTVANG VANAF LEDE

Liewe TBK-vriende

Baie dankie vir die nuusbrief wat ons so twee keer per jaar ontvang. Vir my is dit altyd lekker om die nuusbrief te kry, omdat ‘n mens so ‘n bietjie meer op hoogte van sake kom wat die werk van die TBK betref. Soms kry ‘n mens daarin ook berig van mense wat ons vooruitgegaan het. As dit iemand is wat jy geken het, laat dit ‘n mens mos bietjie nadink en vir die naasbestaandes bid.

In die jongste uitgawe is ‘n pragtige foto van wyle oom Piet Bester. In sy hand hou hy die oorspronklike tjello wat nog deur die Vier Transvalers gebruik is. Ons hoor ook hoe die tjello deur die bekwame hande van Danie Labuschagne gerestoureer is en dat dit steeds gebruik word. Dis mos nou goeie en positiewe nuus in ‘n tyd waarin slegte nuus baie keer dreig om die oorhand te kry.

Oor oom Piet Bester wil ek darem iets sê. Ek het hom nooit persoonlik ontmoet nie, maar ons twee het deur die TBK bevriend geraak en ‘n paar keer vir mekaar geskryf. Vir my sal oom Piet altyd een van die mense bly wat ek as ‘n geskenk aan ons vereniging beskou. Daar in die beginjare was hy een van die leierfigure wat sy lyf nie gespaar het om tradisionele boeremusiek te vestig, te bewaar en te bevorder nie. Is dit dan nie hy wat redakteur van die eerste nuusbriewe was nie? Verder was hy nie net alleen ‘n begaafde musikant nie, maar het hy gesorg dat die geskiedenis van tradisionele boeremusiek in nie minder nie as drie volumes opgeteken is. Daar moes baie tyd ingegaan het om daardie magdom inligting oor die verskillende orkesleiers en hulle orkeslede te versamel en dit agterna te orden en te boek te stel. Aan hom is dit te danke dat hierdie belangrike geskiedenis en inligting vir ons behoue gebly het.

Oom Piet Bester en die Tjello van die Vier Transvalers wat deur Danie Labushagne gerestoureer is.

Net nou die dag het ek na oom Piet se musiek op sy CD geluister terwyl ek in my bakkie op pad was. Terwyl hy in een van die nommers die banjo op sy kenmerkende manier en styl bespeel het, het ek meteens die behoefte gevoel om sommer meer regop agter die stuurwiel te sit. Eintlik sou ek uit erkentlikheid regop wou staan, maar uiteraard was dit op daardie stadium nie moontlik nie. Ek het ook gewens dat ek nog ‘n keer vir hom ‘n brief kon skryf waarin ek vir hom wou sê: “Oom Piet, ek salueer jou vir wat jy op so ‘n onbaatsugtige manier vir tradisionele boeremusiek gedoen het. Jou bydrae sal ek nooit vergeet nie.”

Ek weet hoe hy sou reageer. Hy sou bietjie verleë wees. Want oom Piet was ‘n nederige mens. Nie ‘n man wat geprys wou word nie. Hy het bloot die saak gedien waarin hy geglo het.

Vriendelike TBK-groete

Freek Serfontein

Manne en vroue,

Ons raak by die dag ouer. Niemand van ons weet wanneer die volgende een is wie se sleutels ingehandig moet word nie. In elke uitgawe van TBK-nuusbrief lees ons van lede of hulle naasbestaandes wat nie meer met ons is nie.

Laat ek dus iets van my hart kry voordat dit dalk vir my te laat is. Oktobermaand is vir die TBK die maand van ons jaarvergadering. Ook die tyd van die jaar wanneer die nuwe Bestuur verkies word. Vir jare lees ek die notules en sakelyste. Dis opvallend hoeveel name van lede wat verkies word, jaar na jaar opduik. Soveel kere word nie net die voorsitter nie, maar ook die hele bestuur eenparig herkies. Dit beteken dat daardie lede jaar na jaar die verantwoordelikheid kry om voor te loop. Ek wil graag vir daardie mense baie dankie sê dat julle jaar na jaar gewillig is om die groot werk op julle skouers te neem. Ons wat die voordeel pluk om deel te wees van 'n vereniging, wat op 'n passievolle manier bestuur word, gee graag aan julle erkenning vir alles wat julle in belang van tradisionele boeremusiek opoffer.

Baie dankie vir belangrike besluite wat julle in die verlede geneem het sodat ons vandag opnames het van die oorspronklike musiek wat andersins nie beskikbaar sou wees nie. Ek verwys hier o.a. na opnames van die Vier Transvalers, die Vyf Dagbrekers, die Potjiekosreeks, Dawid de Lange, oom Chris Blignaut, maar ook musiek van meer onlangse aard, soos dr. Hans la Grange, Hannes Viljoen en nog ander ouer musikante. Dit was ook leiding wat van julle uitgegaan het, wat gemaak het dat skitterende musiek van verskillende tradisionele boeremusiekorkeste opgeneem en beskikbaar gemaak is. Dis 'n proses wat steeds aan die gang is sodat niemand meer kan sê dat daar nie genoeg tradisionele boeremusiek beskikbaar is nie. Dis deur julle toedoen dat iemand soos ek, wat hartstogtelik lief vir tradisionele boeremusiek is, tydig en ontydig 'n CD kan uithaal en my in 'n wêreld van die konsertina en kitaar, die banjo en bekfluitjie kan verloor. Om soms by 'n braaivleisvuurtjie op die stoep te kan sit met die klanke van regte outydse boeremusiek in my ore, is van die vreugdes wat die rustiger lewe van die ou dag na my kant toe gooi. Gereeld dank ek die Here daarvoor.

Natuurlik wil ek ook dankie sê vir die bestuurslede van die takke in die verskillende streke. Uit die verslae kom ek agter dat dit nie altyd maklik is nie. Baie dankie vir alles wat julle doen om tradisionele boeremusiek in julle kontrei nie te laat uitsterf nie. Wees verseker dat julle harde werk en opofferinge nie ongesiens verbygaan nie.

My laaste dankie gaan aan elke musikant wat steeds tradisionele boeremusiek maak. Julle kan weet dat in die Kaap daar "'n oue van dae is" wat gereeld na die musiek luister wat julle maak en dit terdeë geniet. Mag dit steeds vir julle lekker wees om so musiek te maak. Vir ons is dit baie lekker om na julle te luister.

Vriendelike TBK-groete

Freek Serfontein

Luister na die Tradisionele Boeremusiekprogram op Pretoria FM, Boeremusiek: Toeka tot Nou, aangebied deur Hugo Radley en Sam Keyter. Hulle gesels onder meer oor orkesleiers, musikante en musiekinstrumente. Vir gedagtes, kommentaar of sommer net gesels, kan hulle gekontak word by hradley@global.co.za. U kan na Pretoria FM luister op 104.2 fm, DSTV musiekkanaal 887 of op die internet www.pretoriafm.co.za. Die program word Vrydagaande om 19:15 uitgesaai.

Jy kan nooit die oseaan oorsteek nie, tensy jy die moed het om sig van die kuslyn te verloor.
- Christopher Columbus -

SMOUS-HOEKIE

Enige persone wat musiekinstrumente en/of verwante produkte soek of aanbied, kan 'n versoek stuur aan info@boeremusiek.org.

Oom Danie Labuschagne bou Boerekonsertinas van uitstaande gehalte.
Kontaknommer 072 155 2696.

Flip Snyman doen herstelwerk aan banjo's en kitare. Kontaknommer (011) 955-3615/082 624 5308.

Stephaan van Zyl stem konsertinas en beskik oor 'n handleiding oor hoe om 'n konsertina te bespeel. Kontaknommer (012) 991-1732 of 082 777 0124.

Andante Malan van Melkbos Kamp, herstel trekklaviere.
Kontaknommer (021) 553-5181 of 082 668 0157.

NOG 'N GROOT PRESTASIE

Tydens 'n byeenkoms op die 4de Mei 2019 aan die Oosrand, was Stephaan van Zyl en sy moeder, wat toe 99 jaar oud was, ook teenwoordig. Met die lekker musiek wat gemaak is, sê sy vir Stephaan: "kyk hoe lekker dans die mense" en vra vir Stephaan om met haar te dans. Dit was te wonderlik om te sien hoe ma en seun dans! Daarna het sy weer vir Stephaan gevra om te dans, wat hulle baie geniet het.
Tannie Babs van Zyl, soos almal haar ken, het die rype ouderdom van 100 jaar bereik op 7 Maart 2020. Tannie Babs was, terloops, ook die ontwerper van vandag se TBK wapen (sien voorblad). Weereens baie geluk aan tannie Babs!
Tannie Babs het ook Facebook gehaal. Dit na haar en Stephaan se onlangse besoek na haar gunsteling vakansiebestemming, die Nasionale Krugerwildtuin. Kyk net al die 'likes' en kommentaar!

Links: Tannie Babs van Zyl en Stephaan van Zyl op die dansbaan.

Regs: Die Facebook inskrywing oor tannie Babs.

`n Vrolike mens is 'n gesonde mens, `n neerslagtige mens raak uitgeput.
- Spreuke 17:22 -

KATALOGUS – 2020

Kontak Aletta Dorfling 082 482 5332 of verkope@boeremusiek.org in verband met aankope van laserskywe, boeke en artikels. Posgeld beloop minstens R60,00.

Boeretroos uit die Vaaldriehoek	R100
Versamelgoed no. 1 (Dubbel laserskyf, verskeie musikante)	R130
Versamelgoed no. 2 (Willie Badenhorst)	R100
Versamelgoed no. 3 (Namakwalanders)	R100
Versamelgoed no. 4 (Die Sandvelders)	R100
Versamelgoed no. 5 (Lourens van Zyl)	R100
Oom Hannes Viljoen (Vol. 4)	R100
Die Kaapland Boereorkes	R100
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	R100
Die Lekker Kêrels	R30
Die Stoepsitters – Appelbloeisels	R100
Die Wakis Orkes	R100
Piet Snyman en Vriende	R100
Hans la Grange (Vol. 1, 2, 3, 4, 5 & 6)	R100 elk

Nuwe Vrystellings:

Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 2)	R100
Kampvuurklanke uit die Vaaldriehoek	R120
Oom Gideon van Rooyen	R100
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 1)	R100
Versamelgoed no. 19 (Piet Snyman en vriende)	R100
Versamelgoed no. 20 (Oud maar nog nie koud. Jan Mans)	R100
Namakwaland het geoefen - Willie Nelson	R100
Die Vyf Namakwalanders – 'n Gedenk-album	R140
Magalies Orkes - Speel Boeremusiek	R100
Piet Snyman - Wals vir Antoinette	R100
Die Namakwalanders het geoefen	R100
Die Sandvelders: Namakwaland toe	R100
Outydse Klanke Orkes Boerekonsert	R100
Tony Waterloo/Herman Wolfswinkel	R100
Die Wakis Orkes: O'ver die water	R100
Frik Smit en sy orkes	R100
Theo Slabbert: Ou bok jong blaar	R100
Boet Steyn se laaste	R30
Hugo, Lourens en Quintin speel Outydse Musiek (Vol. 1)	R100

Herdrukte laserskywe:

Oudag Boereorkes (Dubbel laserskyf)	R150
Hugo en Dirk speel Outydse Boeremusiek (Vol 1, 2, & 3)	R100
Hannes Viljoen (Vol. 1)	R100
Die Vier Transvalers	R100

Daar is ook ander laserskywe op verlaagde pryse beskikbaar. Kontak gerus vir Aletta.

Laat ons hierdie dag en alle dae van die nuwe jaar so gebruik dat ons Wysheid kan bekom.
- Anoniem -